
# 382 Ons loof U, troue Heer




Ons loof U, troue Heer, behouer van ons lewe!
o, Vader, deur u Seun wil U ons skuld vergewe.
U wat ons gees verfris en vul met nuwe krag,
verlos ons van die lis van Satans bose mag.

Ons loof U, troue Heer, o, God, so hoog verhewe,
want alles moet U loof wat in die skepping lewe!
Al is ons woorde min om lof aan U te bring,
ons wil U dank en eer, u goedheid hier besing.

Johann Olearius (1611-1684) J. Crüger (1598-1662)